# NWU-internasionaliseringstrategie 2023-2027

| | |
|---|---|
| **Verwysingsnommer** | 2Pr_2.8 |
| **Verantwoordelike uitvoerende bestuurder** | Adjunk-visekanselier: Navorsing en Innovasie |
| **Beleideienaar** | Direkteur: Globale Betrokkenheid |
| **Verantwoordelike afdeling** | Globale Betrokkenheid |
| **Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking** | Goedgekeur |
| **Goedgekeur deur** | Raad |
| **Datum van goedkeuring** | 22 Junie 2023 |
| **Datum van wysigings** | 22 Junie 2023 |
| **Hersieningsdatum** | Junie 2026 |

## Inhoudsopgawe

### NWU-internasionaliseringstrategie 2023-2027


1 Aanhef ..... 1

2 Skakel na die NWU se Strategiese Plan 2015-2025 ..... 1

3 Strategiekonteks ..... 1

3.1 Suid-Afrikaanse Hoëronderwyssektor ..... 1

3.2 Die NWU-konteks ..... 2

3.3 Institusionele Vertolking van Internasionalisering ..... 2

3.4 Die Filosofie wat ons Strategie Dryf ..... 3

3.5 Doel van ons Strategie ..... 3

3.6 Omvang van Betrokkenheid ..... 3

4 Internasionalisering Strategiese Temas ..... 3

4.1 Internasionale Strategiese Ooreenkomste en Vennootskappe ..... 4

4.2 Navorsing en Innovasie ..... 4

4.3 Betrokke Wetenskapsbeoefening ..... 5

4.4 Verrykte Onderrig en Leer ..... 5

4.5 Oop Toegang en Digitale Vakkundigheid ..... 5

4.6 Internasionaliteit van ons Personeel- en Studenteprofiel ..... 6

4.7 Verbeterde Toegang tot Internasionale Befondsing ..... 6

5 Monitering en Evaluering ..... 6

6 Algehele Langtermynimpak ..... 7

7 Gevolgtrekking ..... 7

Adjunk-visekanselier: Navorsing en Innovasie

# NWU-INTERNASIONALISERINGSTRATEGIE 2023-2027

## 1 Aanhef

Die Noordwes-Universiteit (NWU) streef daarna om homself te herposisioneer as ŉ mededingende globale intellektuele leier. Die driekampusmodel van die NWU, met elke kampus geleë in ŉ geografies afsonderlike gebied (Vanderbijlpark, Mahikeng en Potchefstroom), bied aan die instansie ŉ meerledige mededingende voordeel om in diverse kulture en ekonomieë te funksioneer. Die internasionaliseringstrategie vir die NWU moet gesien word as ŉ instaatstellende dokument. Dit verskaf die toon en parameters waarbinne die NWU internasionalisering op elke vlak van sy kernbesigheid bevorder.

Die strategie bly oop en dinamies met die verstandhouding dat nuwe idees en implementeringsuksesse in die "vertaling" daarvan in die grondslag van die instelling verweef kan word. Instansiewye raadplegende en deelnemende prosesse sal die prosesse, uitkomste en monitering van hierdie internasionale strategie ten grondslag lê.

## 2 Skakel na die NWU se Strategiese Plan

Die NWU se Strategiese Plan is die sleutel strategiese plan wat ons beplanning en ontwikkeling van aanvullende strategieë ten grondslag lê. Die Internasionaliseringstrategie behoort die ambisie van die NWU se Strategiese Plan-doelwitte te verwesenlik en by te dra tot die NWU se internasionale betrekkinge. Internasionalisering is van die uiterste belang om die kwaliteit en kwantiteit van akademiese uitkomste te verbeter, uitnemendheid te kweek en te verryk, en vir globale mededingendheid in onderrig-leer, navorsing en innovasie, en gemeenskapsbetrokkenheid. Internasionalisering is ook van kardinale belang vir die wêreld ten einde geïntegreerde en gesamentlike benaderings tot globale uitdagings soos pandemies (soos gesien met MIV/VIGS en Covid-19), klimaatsverandering, voedselsekuriteit, water, energie en globalisering te verskaf. Dit bied geleenthede vir personeel en studente om te studeer en ander lande te ervaar.

## 3 Strategiekonteks

### 3.1 Suid-Afrikaanse Hoëronderwyssektor

Internasionalisering van hoër onderwys is al dekades lank aan die gang, wat die meeste internasionale universiteitsranglyste aangespoor het om internasionalisering as ŉ onontbeerlike gehalte-aanduider te oorweeg. In Suid-Afrika word die beginsels en prioriteitsfokus van hoëronderwys-internasionalisering geartikuleer deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) se Beleidsraamwerk vir Internasionalisering van Hoër Onderwys in Suid-Afrika (2019). Volgens hierdie DHOO-beleidsraamwerk, moet *"[i]n die ontwerp van internasionalisering van hoëronderwysaktiwiteite met betrekking tot* ***onderrig, leer, navorsing en gemeenskapsbetrokkenheid*** *deur Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstellings, prioriteit aan Suid-Afrika se belange gegee word".* Wat die geografiese streke aanbetref, moedig die Beleidsraamwerk, waar moontlik en relevant, die prioritisering van *"die SAOG-state, die res van die Afrika-kontinent, BRICS, die globale Suide en ontluikende ekonomieë, en die wêreld daarbuite"* aan. Addisionele beginsels soos voorsien deur die DHOO-beleidsraamwerk sluit in:

- Akademiese vryheid en nasionale belange.

- Wetlike voldoening.
- Voldoening aan Suid-Afrika se gehalteversekeringsregime.
- Etiek, Wisselwerking, Waardeskepping, Gehalte en Befondsing.
- Komplementariteit van huidige en toekomstige samewerkings.

### 3.2 Die NWU-konteks

Die NWU spog met verskeie aktiewe samewerkings en vennootskappe regoor die wêreld. Die NWU ondersteun en fasiliteer internasionaliseringsaktiwiteite terwyl hulle uitnemendheid, gelykheid en innovasie demonstreer in die nastrewing van internasionalisering in hoër onderwys. Dit beoog ook om ŉ kultuur van globale bewustheid en waardering vir internasionale perspektiewe en kulturele diversiteit by die NWU te bevorder.

Die NWU is reeds op koers om ŉ werklik geïnternasionaliseerde instelling van onderrig en leer en navorsing te word. Deur die kwaliteit van sy aanbiedinge en dienste lok dit uitstekende internasionale akademici en studente van regoor die wêreld. Gevolglik geniet die NWU ŉ uitgebreide en sigbare nasionale en internasionale profiel en kan die Universiteit aanspraak maak op die volgende prestasies:

- gediversifiseerde, verrykte onderrig- en leeromgewing wat internasionale en Suid-Afrikaanse studente sowel as die nasie as geheel bevoordeel;
- navorsing en vakkundigheid wat simbolies is van beide nasionale en internasionale standaarde van uitnemendheid;
- substantiewe verteenwoordiging van studente wat wêreldwyd kontak maak terwyl hulle vertroud is met globale en plaaslike kennisstelsels en tussenkulturele sensitiwiteit toon;
- substantiewe verteenwoordiging van personeel wat internasionaal erken word, en innoverend is, en wat globale en plaaslike kennis sowel as tussenkulturele sensitiwiteit het.
- bestaande suksesvolle vlakke van internasionale interaksies en projekte;
- innoverende intellektuele hulpbronne wat die nasie se sosio-ekonomiese, wetenskaplike en tegnologiese stelsels waarborg, bewaar en verbeter, en daardeur ook die mededingendheid en globale etiese aansien van Suid-Afrika; en
- respekvolle onderskrywing van diverse identiteite wat ŉ ryk diversiteit van mense en idees skep wat ŉ harmonieuse en multikulturele personeel- en studentebevolking sowel as werksomgewing vier.

### 3.3 Institusionele Vertolking van Internasionalisering

Die DHOO se Beleidsraamwerk vir Internasionalisering van Hoër Onderwys in Suid-Afrika (2019) rig en verskaf konteks vir ŉ omvattende internasionaliseringstrategie wat deur die NWU gevolg sal word. Dit word egter aanvaar dat dit nie moontlik is om internasionalisering in sy breër kontekste te definieer nie aangesien dit uiteraard ŉ konstant veranderende verskynsel is. Daarom is die definisie wat deur die DHOO-beleidsraamwerk voorgestel word ook van toepassing op die NWU: *"Internasionalisering van hoër onderwys" beteken ŉ doelbewuste of geleide proses om interkulturele, internasionale en/of globale dimensies in hoër onderwys te inkorporeer ten einde die doelwitte, funksies, en aflewering van hoër onderwys te bevorder en dus om die gehalte van onderwys en navorsing te verbeter."*

In kort word die volgende voornemens vir internasionalisering by die NWU geïdentifiseer:

- Organiseer en bevorder waardegedrewe internasionalisering by die NWU.
- Bevorder ŉ kultuur van globale bewustheid en waardering vir internasionale perspektiewe en kulturele diversiteit by die NWU.
- Bou en intensiveer strategiese vennootskappe met prominente internasionale hoëronderwysinstansies, insluitende die moontlikheid van gesamentlike grade, akademiese en ondersteuningspersoneel en studente-uitruilprogramme en navorsingsamewerkings.

- Verbeter internasionaal relevante navorsing, onderrig en leer, en gemeenskapsbetrokkenheid, met die strewe om by te dra tot die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD's) deur kundigheid by die NWU te deel.
- Vestig, ontwikkel en versterk internasionale opvoedkundige en navorsingsgeleenthede vir personeel en studente van die NWU.
- Verhoog en versterk die algemeenheid van prominente internasionale akademici, wêreldklasnavorsers, innoveerders, en nagraadse en voorgraadse studente by, of geassosieer met, die NWU.

Die gees van die strategie is nie om plaaslike inisiatiewe en pogings te ondermyn nie, maar om ŉ balans te handhaaf van globaal mededingende maar plaaslik relevante internasionaliseringsagendas.

### 3.4 Die Filosofie wat ons Strategie Dryf

Hoewel die Strategie medeskepping hoogskat, moet die filosofie wat ons internasionalisering dryf, gaan oor ***"vennootskappe vir groter impak en wedersydse voordeel"***. Alhoewel vennootskappe uiteindelik ons internasionale blootstelling en die NWU se globale voetspoor sal vergroot, moet die benadering nie ŉ lukrake en nie-strategiese interaksie wees nie. Die sleutelvraag is, "hoe verkry ons ŉ mededingende voordeel uit vennootskappe?" bv. die aanspreek van globale uitdagings soos die VOD's, verbeterde toegang tot internasionale navorsingsbefondsing, verbeterde globale ranglys, ens. Diegene wat aan die spits staan van die proses om vennootskappe en samewerking te bevorder, moet gebruik maak van bestaande suksesvolle en impakvolle vennootskappe of nuwe strategiese vennote betrek om ons globale mededingendheid te verhoog. Ons globale uitbreiding sal dus ŉ multi-dimensionele benadering volg deur maatreëls te gebruik wat gebaseer is op selektiewe, gefokusde verbintenisse met strategiese internasionale vennote. ŉ Meervlakkige (met inagneming van die menslike ontwikkelingspyplyn van uitnemendheid in hoër onderwys) en veelsydige benadering (oor die universiteit se volle mandaat heen) verseker sukses deur die oes van die hoëronderwyslandskap se multigenerasie-kundigheid.

### 3.5 Doel van ons Strategie

Om volhoubare, wedersyds voordelige, blywende, suksesvolle en impakvolle vennootskappe te smee.

### 3.6 Omvang van Betrokkenheid

Die wêreldwye konneksies en vennootskappe wat lei tot groter sigbaarheid en meer beduidende impak is nie beperk tot universiteite en hoëronderwysinstansies nie. Hulle moet ook Navorsing en Ontwikkeling-organisasies en -industrieë teiken.

## 4 Internasionalisering Strategiese Temas

In die konteks van die voorafgaande internasionaliseringsmissie-elemente en ons voornemens is die volgende belangrike strategiese temas geprioritiseer om ons strategie meer gefokus te maak.

- Internasionale Strategiese Ooreenkomste en Vennootskappe.
- Navorsing en Innovasie.
- Verrykte Onderrig en Leer.
- Betrokke Wetenskapsbeoefening
- Oop Toegang en Digitale Vakkundigheid.
- Internasionaliteit van ons Personeel- en Studenteprofiel.
- Verbeterde Toegang tot Internasionale Befondsing.

## 4.1 Internasionale Strategiese Ooreenkomste en Vennootskappe

Soos geartikuleer in ons doel en filosofie wat internasionalisering sal dryf, sal ons benadering wees om "'n aantal strategiese, breë, waardetoevoegende en aktiewe samewerkings en vennootskappe te vestig deur ooreenkomste wat beloof om impakvol te wees". Vir hierdie doel is dit noodsaaklik dat die NWU multidissiplinêre inisiatiewe van stapel stuur wat 'n groot verskeidenheid aktiwiteite insluit oor onderrig-leer, gemeenskapsbetrokkenheid en navorsing en innovasie heen.

Die NWU beoog om sy strategiese vennootskappe met prominente internasionale hoëronderwysinstansies uit te bou en te intensiveer, insluitende die moontlikheid van gesamentlike grade, akademiese en ondersteuningspersoneel en studente-uitruilprogramme en navorsingsamewerkings. Die NWU se strategiese rigting sal verseker dat volgehoue, betekenisvolle samewerking sy internasionale betrokkenheid versterk in die belang van wêreldklasnavorsing wat met onderrig-leer verband hou, en voordelige gemeenskapsbetrokkenheid deur wedersydse, "lewende" vennootskappe wat uitnemendheid en prominensie vir die navorsingspanne en studente skep.

Die konvensionele en lank reeds gevestigde metode van internasionale samewerking is onder-na-bo. Die meeste betekenisvolle en volhoubare vennootskappe tussen instellings vind plaas omdat navorsers en opvoeders onafhanklik 'n gemeenskaplike doel en ooglopende voordeel vir wedersydse interaksie vind. Die NWU erken egter die behoefte aan 'n veelvlakkige benadering wat onder-na-bo- en bo-na-onder-inisiatiewe insluit, sowel as ander bestuurs- en administratiewe vlakke wat die beste sal werk om die bereiking van 'n holistiese internasionale vennootskapprofiel te verseker. Die bo-na-onder-benadering kan help om vennootskappe te visualiseer en te stimuleer wat bestaande belanghebberverhoudings met die universiteit kan optimaliseer, soos die regering, alumni en industrievennote. 'n Bo-na-onder-siening konseptualiseer vooruitsigte wat moeiliker is om van 'n enkele deel van die instelling af waar te neem, byvoorbeeld deur passing. Dit bewerkstellig kontak tussen personeellede wat dalk nie van mekaar weet nie en dus nie samewerking oorweeg nie. Dit bedink vennootskappe deur nasionale en internasionale raamwerke, agendas en posisies te gebruik en belyn vennootskappe met die instelling se strategiese plan. Die intermediêre benadering het ten doel om gapings tussen die aktiwiteite van bestuur en akademici te oorbrug en om dit te ondersteun en te belyn. Dit verseker 'n balans wat die instelling en individuele navorsers sal bevoordeel.

## 4.2 Navorsing en Innovasie

Internasionale navorsingsamewerking word reeds aangemoedig en gemeet aan die hand van die aantal formele aktiewe navorsingsooreenkomste met internasionale universiteite en fasiliteite. Internasionalisering van Navorsing en Innovasie word tans beheer deur Strategiese Doelwit 2, "Doen navorsing en innovasie met 'n strategiese fokus op globale impak". Navorsing en innovasie oor grense heen vereis die verbintenis van intensiewe programsiklusbestuur wat wissel van die identifisering van die geleentheid tot begroting, implementering, monitering, evaluering en volhoubaarheidsbeplanning. Die NWU investeer in moderne navorsingsinfrastruktuurfasiliteite en -toerusting wat kan dien om navorsingsamewerkings met strategiese internasionale instellings en industrieë te lok. Die NWU bevorder innovasie en maak gebruik van internasionale beste praktyke in tegnologieoordrag en innovasiesteun. Navorsingsamewerking wat lei tot die ontwikkeling van innovasies en intellektuele eiendom (IE) met internasionale vennote word aangemoedig. Waar moontlik, word wêreldwyd relevante innovasies beskerm deur patentaansoeke in internasionale gebiede. Dit is om kommersialisering in internasionale markte te fasiliteer.

Die NWU en sy navorsers poog om te fokus op navorsingsvennootskappe wat simbioties en wedersyds voordelig is, met geoormerkte instellings wat gedeelde en komplementêre navorsingsareas en sterkpunte toon. Die NWU bevorder samewerking, wat personeel en studente in staat stel om navorsingsfasiliteite, universiteite en nywerhede in die buiteland te besoek. In hierdie konteks word sabbatsverlof en studieverlof aangemoedig en gemoniteer, aangesien internasionale blootstelling van navorsers noodsaaklik is. Die NWU ondersteun internasionale konferensiedeelname, veral in die lewering van navorsingsbevindinge, akademiese referate, monografieë, ens. Internasionale konferensies bied ook geleenthede vir die slyp van wetenskaplike aanbiedingsvaardighede en netwerkvorming op 'n globale vlak. Die NWU moedig personeel aan om internasionale konferensies in Suid-Afrika en wêreldwyd te organiseer en aan te bied.

Ons navorsingsleierskap, bestaande uit Navorsingsleerstoele, Nasionale Navorsingstigting-gegradeerde navorsers, die Adjunk-visekanselier Navorsing en Innovasie, Uitvoerende Dekane, Adjunkdekane vir Navorsing en Innovasie, Navorsingsdirekteure, Navorsingsprofessore, Leiers van internasionale navorsingsnetwerke, Lede van Internasionale Kundige Komitees, en die hele navorsingsgemeenskap van en buite Navorsingsentiteite, is waardevolle bates vir die NWU. Institusionele en fakulteitsnavorsingstemas spreek proaktief VOD's, bloulugnavorsing en 4NR aan, en het gesamentlik uitnemendheid behaal in die bereddering van globale uitdagings soos energie, voedsel, water, klimaat, en gesondheid, soos blyk uit ons florerende Sentrums van Uitnemendheid en ander toonaangewende Navorsingsentiteite. Die bestaande NWU-navorsingsprogramme wat reeds as streeks- of globale owerhede funksioneer, sal optimaal aangewend word om die NWU as ŉ wêreldwye leier te posisioneer. Ons sal poog om tematiese gebiede te identifiseer met die potensiaal om die NWU in staat te stel om nasionaal, regionaal en wêreldwyd baanbrekerswerk te doen en te lei. Die NWU streef byvoorbeeld daarna om ŉ digitale navorsings- en innovasieleier te wees om Afrika se groeiende digitale samelewing en ekonomie te ondersteun.

Die NWU streef daarna om die profiel van sy navorsingsaktiwiteite te verbeter om internasionale sigbaarheid te verhoog. Die instelling poog om navorsingsproduktiwiteit te verbeter deur uitnemendheid en globale leierskap. Navorsers word aangemoedig om publikasies te genereer, hetsy as eerste of primêre (senior) outeurs en om in elke publikasie korrek by die NWU te affilieer. Net so word ons internasionale vennootinstellings en Buitengewone akademiese personeel aangemoedig om sover prakties moontlik in hul publikasies met die NWU te affilieer. Die NWU ondersteun internasionale gasnavorsers om na die NWU toe te kom. Integriteit en etiek in navorsing is ingebed in die institusionele kultuur.

### 4.3 Wetenskapsbeoefening

Gemeenskapsbetrokkenheid by navorsing is ŉ jarelange element van die NWU, en die universiteit erken sy verpligting teenoor die omliggende gemeenskappe. Waar internasionale vennootskappe binne gemeenskapsbetrokkenheid geïmplementeer word, moet voldoening aan die NWU se Gemeenskapsbetrokkenheidbeginsels van wisselwerking en wederkerigheid met etiese klaring gevolg word. Aangesien die universiteit sy impak in en op ons gemeenskappe waardeer en moniteer, kan die uiteindelike bydrae tot positiewe verandering gemoniteer word deur die bydraes van ons kundiges, sowel as deur ons kundiges wat internasionale ooreenkomste en beleidsinligtingstukke saamstel.

### 4.4 Verrykte Onderrig en Leer

Die NWU poog om gefokusde programme te ontwikkel en geskikte modelle te ontwerp om internasionale studente met akademiese uitnemendheid op voor- sowel as nagraadse vlak te lok. Studente sal ook baat vind by verrykte onderrig- en leerkurrikulums en die kundigheid van uitstekende besoekende en plaaslike vakkundiges. As ŉ strategiese prioriteit word opleiding in globale bevoegdheid deel van die kultuur van die NWU. In hierdie verband beskou dissiplines en navorsingsareas globale bevoegdhede vanuit hul eiesoortige perspektief. Gevolglik word elke akademiese eenheid aangemoedig en ondersteun om die toepaslike manier te bepaal waardeur hulle personeel en studente optimaal kan transformeer tot werklik globale burgers en leiers wat wêreldwyd relevante kwessies binne die konteks van hul spesifieke dissiplines kan toelig. Fakulteite en skole moet internasionale werkgeïntegreerde leer- en diensleergeleenthede bevorder waar toepaslik en bekostigbaar en moet toepaslike samewerkende graadprogramme met geïdentifiseerde universiteite internasionaal ontwikkel. Die NWU sal internasionale erkenning van programme prioritiseer, en die aantal internasionaal erkende programme sal noukeurig gemoniteer word op kampus- sowel as institusionele vlak.

### 4.5 Oop Toegang en Digitale Vakkundigheid

Die toenemende wêreldwye aanvaarding van Oop Wetenskap is besig om ŉ "wêreldwye meent vir wetenskap en innovasie te vestig". Die NWU is besig om die etos en beginsels van oop wetenskap proaktief in te skerp. Dit sluit in die vestiging van ŉ ondersteunende navorsingsinfrastruktuur en -omgewing en die uitbreiding van die katalogus van navorsingsdienste om hulpbronne en versamelings beskikbaar te stel deur e-Navorsing en Oop Toegang-praktyke. Die geprioritiseerde

dienste behels die ontwikkeling van ŉ toegewyde portaal vir e-Navorsing en Innovasie, die bevordering van Navorsingsdatabestuur, die bevordering van datageletterdheidsvaardighede, versnelde digitalisering van gedrukte inligtingsbronne soos ou proefskrifte en verhandelings om navorsingssigbaarheid te verbeter, monitering van publikasies sowel as aanhalingsindekse in Scopus- en Oop Toegang-joernale, wat akademici en studente help om vir ORCID iD te registreer, en die bevordering van Oop Toegang-publikasie deur transformerende ooreenkomste, om net ŉ paar te noem.

### 4.6 Internasionaliteit van ons Personeel- en Studenteprofiel

Die NWU is die tuiste van internasionale akademiese en ondersteuningspersoneel van regoor die wêreld en uiteenlopende agtergronde, en die groeiende aantal personeellede word steeds internasionaal gewerf. Die NWU ondersteun ŉ diverse kultuur van internasionale personeel en lok internasionale personeel volgens institusioneel aanbevole teikens. Die NWU-waardes streef daarna om internasionale personeel te akkommodeer en ŉ reputasie op te bou as Suid-Afrika se voorste universiteit, wat ŉ multikulturele en kosmopolitiese samelewing vier en voorstaan.

Die instelling ondersteun en bevorder inkomende en uitgaande personeelmobiliteit, streef daarna om ŉ aansienlik groter aantal uitnemende vakkundiges van regoor die wêreld te lok en stel NWU akademiese en ondersteuningspersoneel bloot aan uitstekende ontwikkelingsgeleenthede. Die totstandbrenging van personeeluitruilprogramme word geprioritiseer. Dit sluit in personeel wat in die buiteland studeer en geformaliseerde akademiese uitruilprogramme soos navorsingsbesoeke en sabbatsverlof. Die NWU ondersteun ook internasionale konferensiedeelname, veral in die lewering van akademiese referate, monografieë, ens. Die NWU gaan voort om internasionale postdoktorale genote te prioritiseer.

Beste praktyk dui aan dat ŉ universiteit met ŉ goed gevestigde internasionaliseringsvoetspoor ŉ relatief groot persentasie van internasionale studente uit baie lande op voor- sowel as nagraadse vlak het. Die NWU lok baie talentvolle internasionale studente vir studie en navorsing by die NWU. Die NWU vestig verskeie uitruilprogramme om die studente-ervaring te verryk en mobiliteit te fasiliteer. Die NWU ondersteun en bevorder beide inkomende en uitgaande studentemobiliteit om ŉ multikulturele studentekohort te bevorder wat globaal bewus is en interkulturele bevoegdheid en kulturele intelligensie toon. Die NWU poog om die studente se internasionale ervaring te verbeter deur ŉ kultureel-diverse omgewing aan te bied wat hulle voorberei vir globale burgerskap en die wêreld van werk.

### 4.7 Verbeterde Toegang tot Internasionale Befondsing

Die vennootskappe moet ons gesamentlike befondsingspogings optimaliseer en geleenthede vir internasionale samewerking verhoog. Beperkte plaaslike befondsing van wetenskaprade en befondsers vir navorsing en innovasie en ander akademiese projekte in die Suid-Afrikaanse hoëronderwyssektor is aktueel. Die Covid-19-pandemie het die ekonomiese druk wêreldwyd vererger; die situasie is die merkbaarste en ergste in die ontwikkelende wêreld.

Ons internasionaliseringsprojek sal dus daarna streef om munt te slaan uit bestaande vennootskappe, samewerkings en internasionale buitengewone aanstellings by die NWU om bykomende sleutel internasionale befondsers te identifiseer om ons vooruitsigte te verbeter om toegang te kry tot befondsing deur samewerkende en nie-samewerkende toekennings. Daar word ook verwag dat in natura-ondersteuning, soos gesamentlike studieleiding en kennisuitruiling, van nature sal voortvloei uit simbiotiese en wedersyds voordelige vennote wat ŉ gedeelde visie en volgehoue verhouding met die NWU het.

## 5 Monitering en Evaluering

Aangesien internasionalisering ŉ komplekse, voortdurend ontwikkelende proses is, sal die implementering van die strategie noukeurige monitering en die ontwikkeling van toepaslike Prestasieaanwysers (dwarsliggend en domeinspesifiek) vereis om sukses oor die kort, medium en lang termyn te meet aan die hand van die sewe (7) geïdentifiseerde strategiese temas van:

- Internasionale Ooreenkomste en Strategiese Vennootskappe.
- Navorsing en Innovasie.
- Betrokke Wetenskapsbeoefening
- Verrykte Onderrig en Leer.
- Oop Toegang en Digitale Vakkundigheid.
- Internasionaliteit van ons Personeel- en Studenteprofiel.
- Verbeterde Toegang tot Internasionale Befondsing.

## 6 Algehele Langtermynimpak

Die strategie is ontwerp met die doel om impak in of op plaaslike en internasionale ontwikkelingsteikens te bereik met die NWU as 'n voorkeurvennoot. Die NWU sal sy visie, missie en droom verwesenlik deur gebruik te maak van 'n belynde internasionaliseringstrategie. Gevolglik sal daar 'n aansienlik verbeterde wetenskaplike statuur wees van NWU-navorsers, akademici en studente, wat erken word as globale intellektuele leiers, en deur uiteenlopende prestasies wat insluit: Sentrums van Uitnemendheid, aanstellings as Navorsingsleerstoele, Leiers van Internasionale Konsortiums en Netwerke, NNS-gradering, publikasie in hoë-impakjoernale en verbeterde aanhalingsindekse, internasionale toekennings, verbeterde onderrig en leer sowel as bewysgebaseerde, wêreldwyd verbonde gemeenskapsbetrokkenheidsinisiatiewe, ens.

Daar sal 'n verbeterde internasionale voetspoor en wêreldwye mededingendheid wees met verhoogde globale konneksies en vennootskappe, verhoogde sigbaarheid, netwerke en gesamentlike aktiwiteite (verhoogde verdeling van voordele uit vennootskappe), volgehoue, langdurige en wedersyds voordelige vennootskappe en 'n gepaardgaande verbetering in globale ranglys.

## 7 Gevolgtrekking

Hierdie strategie streef na vennootskappe met strategiese internasionale vennote wat waarde tot die NWU kan toevoeg gebaseer op gedeelde visie en wederkerigheid. Die NWU herbevestig dat internasionalisering:

- lei tot innovasie deur verbeterde samewerking, verbeterde kruisbestuiwing van idees en konsepte, en wedersydse intellektuele verryking;
- stelsels van wetenskap en innovasie ontwikkel vir die globale openbare belang;
- netwerkvorming, waardeskepping en internasionale invloed in 'n interafhanklike globale dorpie versterk;
- samewerking verhoog vir 'n meer betekenisvolle impak – baie akteurs deel gemeenskaplike belange en prioriteite;
- wêreldwyd toegang tot die beste talent verkry en die NWU toelaat om te groei en homself as 'n globale speler te posisioneer;
- die voortgesette professionele ontwikkeling van personeel (ondersteuning en akademies) en studente ondersteun;
- die gehalte van onderwys en navorsing verbeter, akademiese personeel en studentemobiliteit stimuleer, gemeenskapsbetrokkenheid en innoverende denke bevorder en personeel en studente voorberei vir plaaslike sowel as globale burgerskap; en
- die internasionale voetspoor en globale mededingendheid verbeter.

Die NWU sal munt slaan uit bestaande vennootskappe, samewerkings en buitengewone aanstellings wat bewys het dat hulle betroubare vennote is en bykomende belangrike internasionale belanghebbers identifiseer. Al ons aksies sal strategiese belyning met die NWU se Strategiese Plan en Doelwitte verseker.

Original details: (10225676) C:\Users\NWUUSER\Desktop\Policy management\Internationalisation strategy\Internationalisation Strategy (style sheet).docm
23 February 2023

File reference: 2Pr_2.8